Sondag, 11 Julie 2021

‘n Tweede Winterpsalm:
Kom ons tog gou te hulp, Here – skenk ons hoop!

“En nou, wat verwag ek, my Heer?
My hoop, op U is dit gevestig... Ek bly sitl, ek maak my mond nie oop nie...”
(Psalm 39:8 en 10)

Verlede Sondag – in die hart van Winter 2021 – het ons ‘n eerste “winterpsalm” gelees, Psalm 38. En ontdek dat dit wat Johannes Calvyn al in 1557 in Genéve in die voorwoord van sy kommentaar op die **Psalms** geskryf het, ook vir óns nou, onder hierdie teistering van die Covid 19-pandemie, waar is:

> *“I have been accustomed to call this book... ‘An Anatomy of all the Parts of the Soul’ for there is not an emotion of which any one can be conscious that is not here represented as in a mirror. Or rather, the Holy Spirit has here drawn to the life all the griefs, sorrows, fears, doubts, hopes, cares, perplexities, in short, all the distracting emotions with which the minds of men are wont to be agitated.”*

In Psalm 38 het ons woorde gevind vir ons eie gewaarwordinge van siekte, isolasie, verwyte, foute, gebrokenheid en sonde – en die roep na God (38:10), die wag op God (38:16); die verlange na Sy teenwoordigheid (38:22). En ook, hoe hierdie psalm in die lyding op Golgota beleef is (Luk. 23:49), en die antwoord daarop in Romeine 8 se troos dat “niks ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here” (vs. 39). Maar as daar geen antwoord kom nie?

In Psalm 39 hang daar só ‘n donker vraagteken onbeantwoord tussen aarde en hemel, waarskynlik komende van iemand dodelik siek; soos wat Psalm 38 ‘n swaar siektebeeld geskets het, so is hierdie psalmdigter diep onder die indruk van sy eie verganklikheid en die onvermydelikheid van die dood: “die getal van my dae”, “’n paar handbreedtes”, “’n blote asemteug, ‘n blote skaduwee”, sy liggaam “asof ‘n mot dit verteer” (39:5-7, 12). En sy reaksie hierop, is ‘n stilswye, ‘n terugtrek... omdat hy nie soos ‘n dwaas ‘n klomp onsinnighede oor lyding wil kwytraak, maklike antwoorde nie (3 en 10), maar óók omdat hy besef selfs in hierdie donkerte, is dit “U wat optree”, “vergaan ek onder u hand” (10-11). Die ergste: “ek is ‘n vreemdeling by U, kyk (asseblief) wég van my” (13-14)...

En dan tóg, ín sy worsteling, óók die gebed om hoop wat opklink, dít “verwag ek van U” (39:8). Soos wat Calvyn dit gestel het: *“Er zijn in het hart van de gelovige twee stemmen: dié van God en die van Gods vijand. Gods stem klinkt in de belofte en geeft hoop. Maar de andere stem wijst op de omstandigheden, om op die manier tot wanhoop aan God te brengen.”* Die paradoks van geloof. Laat ons daarom stilwees saam met elkeen wat ly, vir wie daar donkerte is, wat sterf. Laat ons bly bid vir hoop.

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die erediens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

LITURGIE

Wydingsmoment: "Hoe lank gaan U, o Here, my vergeet?" (Psalm 13:1)

Aansteek van Wydingskers: Aneléh de Jager

Votum en seëngroet

Aanbiddingslied: "O Here, U ken my volkome" (Psalm 139:1, 2 en 5)

Epiklesegebed

Gebedslied: "Maak oop u woord, dat dit my voorlig" (Psalm 119:26)

Skriflesing: Psalm 39

Oordenking

Verootmoediging: "Sonder u woord, Heer, is ek raadop" (Psalm 119:27)

Genadeverkondiging: Romeine 5:1-5

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Slotlied: "Jesus wat my liefhet, Heer" (Lied 578:1 en 3)

Seënbede

Orrelnaspel: "Aberyswyth" (Lied 578 – J Parry/C Hylton Stewart)

Met dank aan ons digitale span wat hierdie opname/uitsending moontlik maak: dr. Johan Cromhout, Lutje van Pletzen (blomme), Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg en Rita van Zyl.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (11 Julie: Vennootskappe: NGKA Vrystaat).

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:
Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

Ander Eredienste:

Sondag, 18 Julie	09:30 – Ds. Jan Lubbe (Psalm 40)
Sondag, 25 Julie	09:30 – Teol.std. Lunette Visser

Ons eredienste – soos ons hele bediening – gaan gebuk onder nuwe inperkings-maatreëls (Vlak 4) en hierdie derde vlaag van Covid-19, en is die kerkdeure van Berg-en-Dal noodgedwonge en versigtigheidshalwe vireers toegetrek. Ons sal hopelik op 1 Augustus weer met ‘n oggenddiens ín die kerkgebou, ‘n gesinsdiens in die saal, kategese en ‘n aanddiens (Taizé) kan hervat. Intussen word daar vir elke Sondagoggend ‘n erediens vooraf opgeneem en per epos en via *You Tube*, *Facebook* en ons webblad na almal uitgestuur. Mag ons geloof so versterk word.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende weke verjaar:

11/7 Aneléh de Jager.
12/7 Maggs Fullaway, Annette Joubert, Dalene Wiggett, Simoné du Preez en Cara van Staden.
13/7 Johan Gerber en Hanri v/d Berg.
14/7 Stephan Johnson, Martin Laubscher, Anneline Roets en Caro Haasbroek.
15/7 Bettie Pretorius, Sollie Pretorius, Paul-Henk Zietsman en Annebelle Schulenburg
16/7 Francois Weyers en Johan Jooste.
17/7 Elma Cilliers, Johan Nel en Karli Botha.

Ons dink in hierdie dae van nood, in ons gebede aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lieb Swiegers (Santé 107, wyk 18b); Conna Lups (Deanelaan 15, wyk 20a); Louwrens en Hettie Badenhorst (Sewedamme 113, wyk 8b); Benita Hancke (Kiepersolpark 7, wyk 16); Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons bid vir almal wat steeds met die uitdagings van Covid-19 aan liggaam en gees moet saamleef. Mag God ons gebede hoor en uitkoms gee...

Ons meelewing gaan aan Andriët Lups en haar familie (Deanelaan 15, wyk 20a), met die heengaan van haar moeder afgelope week – ons bid jul die troos van ons Vader toe.

Ons wil almal wat alreeds mag (gesondheids- en veiligheidspersoneel, onderwysers, 60+ers, 50+ers, 35+ers) aanmoedig om die inenting teen Covid-19 te gaan neem, ter wille van jou eie beskerming én die van geliefdes.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

‘n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense – die groep hervat weer wanneer ds. Johan terug is van verlof (22 Julie).
‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand- en Donderdagoggend Bybelstudiegroepe ná die skolevakansie, in die eerste week van Augustus.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak gerus ds. Jan Lubbe – ds. Johan Marais is tans met verlof tot 20 Julie 2021.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: In Julie staan **Wyke 5** (Westelike laer hang teen Grant's Hill) **en 6** (Blok rondom Willem Postma Laerskool) in vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, kontak gerus die kerkkantoor of Rita (083 656 1680).

Kantoorure: Tot 1 Augustus 2021 is die kerkkantoor slegs op Maandae van 09:00-12:00 (Rita van Zyl) en Vrydae van 09:00-12:00 (Adri van den Berg) geopen. Personeel is wel deurgaans per foon of epos bereikbaar. Ons verhuringsaktiwiteite skaal ook af.

BEDIENINGE

GEMEENTE- EN GETUIENISBEDIENING
Vir die volgende wintersweke vat ons hande in die verligting van nood: **Komberse & beddegoed** kan na die kerkkantoor gebring word; ons versprei dit na Tweetoringkerk en ENGO; die **"Bottels vol Hoop"** met 'n gesonde sopmengsel kan ook gebring word – meng tuis of bring bestanddele; ons versprei na verskillende punte van hulpverlening.

AKTUELE SAKE

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Ons is tans besig om 'n gemeentebeleid en -prosedures vir die beskerming van alle persoonlike inligting van lidmate waaroor ons by die kerkkantoor beskik, uit te werk en te implimenteer. Dit raak ook alle inligting wat in kommunikasiegroepe soos whatsapp en of ons webblad bestaan, en sal ons met dit ingang van die 3e kwartaal en wanneer ons kantoor oop is, u versoek om die nodige toestemmingsbrief te voltooi. Intussen versoek ons u samewerking en geduld met die opruiming en bewaring van alle data.
Voorgestelde wysigings aan die PEPUDA-Wet oor gelykheid:
Ons Bestuursraad het 'n respons na die Minister ingestuur rakende wysigings aan die sg. PEPUDA-wetgewing wat gelykheid en vryheid van assosiasie en spraak van alle landsburgers beskerm; ons het beswaar aangeteken teen 'n voorgestelde wysiging om "nie-intensionele diskriminasie" by die wetgewing in te sluit. Ons verwys u weereens na https://kerkbode.christians.co.za/2021/06/24/pepuda/ vir meer inligting.

ANDER

Eenmanswoonstel te huur in Gratias Aftree-oord (Genl. Hertzogstraat), vanaf 1 Augustus @ R 2 700 p/m. Eie privaat tuintjie en DSTV. Skakel Geo by 082 377 6615.

"O God, let Truth, the light of my heart, not my own darkness, speak unto me!"
(Gebed van Augustinus)